

VETERINARY APPLIED PHARMACOLOGY AND THERAPEUTICS

G C BRANDER, D M PUGH, R J BYWATER en W L JENKINS

Die 5de uitgawe gepubliseer in 1991 deur Bailliere Tindall, London, pp 624 (ISBN 0-7020-1366-8) (prys nie gemeld).

Die basiese uitset van hierdie nuwe uitgawe is dieselfde as in die vorige uitgawe. Deel I handel kortliks oor die geskiedenis en ontwikkeling van medisyne. Die orige deel van hierdie hoofstuk handel oor farmakodinamika, farmakokinetika, middeltoksisiteit en statistiese metodes wat van toepassing is.

Middels wat selfunksie, weefsel en organosisteme beïnvloed word in die volgende hoofstuk bespreek. Dit word op 'n sisteembasis gedoen, maar onderwerpe soos vitamienes, die hantering van metaboliese toestande in herkouters en groeistimulante word apart bespreek.

Hoofstuk III handel oor chemoterapie waarby antimikrobiële middels, anthelmintika en pestisiede ingesluit word.

Die laaste hoofstuk handel oor wette en medisynebeheer wat nie van toepassing in hierdie land is nie. In 'n bylaag aan die einde is daar notas aangaande die behandeling van vergiftigings. Dit is in breë terme gestel en bevat net 'n paar riglyne.

In die geheel, is die teks goed uiteengesit en verskaf dit baie inligting oor die werking van middels, dosisse en nuwe-effekte. Van die ouer middels is tereg weggelaat en vervang met die meer moderne middels wat nou beskikbaar is. Daar word baie gebruik gemaak van sketse om die werking van middels te verduidelik en die chemiese struktuur aan te toon. Tabelle word gebruik om inligting oor en vergelykings tussen middels uiteen te sit. Aan die einde van elke groep middels, word daar 'n aantal publikasies vir verdere studie aangegee. Die inhoudsopgawe is volledig en toon duidelik waar inligting in die teks gevind kan word.

Hierdie boek sal van belang wees vir elke praktiserende veearts en student in farmakologie. Die inligting is byderwets, die inhoud lees maklik en die boek kan met vrymoedigheid as naslaanwerk gebruik word.

A Immelman